

5 Maart

Skrifgedeelte: Psalm 24

Fokusgedeelte: Psalm 24:1, 2

Alles behoort aan die Here! Prys Hom!

Uit die Here se Woord is dit duidelik dat ons alle rede het om Hom te loof en te prys, nie net vir sy sorg in ons lewe nie, maar oor Wie Hy is! Ons dank en eer Hom nie net vir alles wat ons van Hom ontvang nie, maar omdat ons die voorreg het om Hom as die ewige God en Koning te ken.

So leer ons Hom ook in Psalm 24 ken. Die psalm was waarskynlik vir 'n geleentheid bedoel waar die heerlijkheid van God en sy heilige teenwoordigheid by sy volk besing is. Die troue God van die verbond is die Almagtige, die Koning en Eienaar van alles. Dis goeie nuus!

Die aarde, en alles en almal wat daarvan deel is, is nie aan Satan en sy magte oorgelewer nie, en is ook nie aan ons self oorgelaat nie. Alles wat bestaan, is deel van die rykdom van ons Vader in die hemel. Hy vertrou dit toe aan ons sorg en beskerming. Hy is die Skepper van dit alles.

Die digter en die mense van sy tyd het dit destyds so verstaan dat Hy die fundamente van die aarde in die see gelê en dit in die waters gevestig het. Die Heilige Gees stort nie kennis wat eers eeue later bekend sou word in die digter in nie, maar bewerk deur heilige inspirasie dat hy God in die woorde van sy tyd prys. Eeue later kon gelowiges God prys wat die aarde op sy baan om die son hou, en in ons tyd loof en prys ons Hom oor die grootsheid van sy skepping wat oor miljoene ligjare uitgestrek is! Dis alles syne!

Prys Hom met vrymoedigheid! Prys Hom, al is jy pynlik van jou eie kleinheid en onwaardigheid bewus! Jesus het reeds ons hande gereinig en ons harte gesuiwer!

Sing: Psalm 19:1 (2001-omdigting)

Dr. GNV Botha (Emeritus)